LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

ELARDUSPARK NASKOOLSENTRUM

Versterstraat 627

Elarduspark

0181

Sel: 071 413 9309

Landlyn: 012 345 1485

E-pos: naskool@lardies.co.za

Geagte ouers

Ons as personeel by Elarduspark Naskoolsentrum streef daarna om veilige versorging vir u kind te bied, terwyl hy/sy huiswerk kan doen en ook ontspan.

Ons bied studieklasse aan in graad verband. Elke graad het ‘n klaskamer met ‘n juffrou wat help met studie. Indien u kind buitemuurse aktiwiteite het, kan die leerder sy/haar huiswerk voor of na die tyd doen. Studieklasse begin 14:00 – 16h30 en versoek die kinders om dadelik te begin, sodat hulle al ’n end gevorder het voor enige buitemuurse akitwiteite begin.

Vakansies is ons oop vanaf 6:30 tot 17:30 – behalwe Desember sluit ons die dag voor die skool sluit en begin weer die dag as die skool begin. Geen kind wat nie by die Naskoolsentrum ingeskryf is mag vakansies die Naskool bywoon nie. Geen kostes is verbonde nie, dit is by die maandfooi ingesluit. Daar is **GEEN** toesig buite die tye nie.

Heerlike **etes** word voorsien deur die Snoepie, wat by ons afgelaai word, en ons deel dit uit aan die kinders wat bespreek het. Ons maak ook kos warm en berei ‘noodles’.

Voorsien asseblief u kind van genoeg kos, ’n dag kan lank raak!

Indien enige ander inligting verlang word is u welkom om ons te skakel (kontakbesonderhede bo aan die blad) of te besoek.

Een maand fooi is betaalbaar voor enige toelating sal plaasvind.